Die elektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Rensburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 818 van 14 September 1955, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragraaf (a) van Deel H van Bylae 3 te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

(a) Enkelfase	R30.
Dubbelfase	R35.
Driefase	R40.

T.A.L.G. 5/36/66.

Administrateurskennisgewing No. 292.] [2 Mei 1962.
VOORGESTELDE OPHEFFING VAN UITSPANSER-
WITUUT OP DIE PLAAS KAFFERSKRAAL No. 513—I.S., AMERSFOORT DISTRIK.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mev. H. Fishman om die opheffing van die servituut van uitspanning, groot 10 morg geleë op die resterende gedeelte van die plaas Kafferskraal No. 513—I.S., distrik Amersfoort, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957) op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampste, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 34, Ermelo, skriftelik in te dien.

D.P. 051-055-37/3/73.

Administrator's Notice No. 291.]

[2 May 1962.]

**ROODEPOORT-MARAISBURG MUNICIPALITY.—
AMENDMENT TO LOCATION REGULATIONS.**

The Administrator hereby in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, read with section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the following regulations which have been approved by him and the Minister of Native Affairs in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the said Act:—

**ROODEPOORT-MARAISBURG MUNICIPALITY.—AMENDMENT
TO LOCATION REGULATIONS.**

Amend the Location Regulations of the Roodepoort-Maraishburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 837, dated the 27th November, 1957, as amended, as follows:—

1. By the addition after Schedule 7 of Chapter VII of the following:—

“SCHEDULE 8.

**ELECTRICITY AND WATER CONSUMPTION IN
ROODEPOORT LOCATION AND DOBSON-
VILLE BANTU TOWNSHIP.**

TARIFF OF CHARGES.

Water Consumption.

1. For water consumed on residential stands in excess of 2,000 gallons per month, the registered occupier of a stand in Dobsonville with a metered water supply shall pay an amount of 3c for every 100 gallons or portion thereof in respect of such excess.

2. For water consumed on business and trading stands with individual metered supply, the trading site permit holder shall pay an amount of 3.5c per 100 gallons or part thereof per month.

3. For water consumed for official and State purposes the charge shall be 1.5c per 100 gallons per month.

4. The surcharge payable for the use of municipal water for gardening purposes on stands in Dobsonville without a metered water supply shall be 50c per month.

5. *Deposits.*—All consumers of metered water supply shall pay a deposit on the basis of two months actual or anticipated average consumption in excess of 2,000 gallons per month with a minimum of R1.

Electricity Consumption.

1. For consumers who occupy dwelling-houses, the charges shall be as follows:—

	R c
(a) For the first 20 units or part thereof, per unit per month ...	0 05
(b) For the next 120 units or part thereof, per unit per month ...	0 01½
(c) For the next 120 units or part thereof in same month per unit ...	0 01
(d) For the balance of consumption during same month per unit ...	0 00½
Minimum charge ...	1 00

2. For consumers other than in respect of dwelling-houses, but excluding electricity consumed for official and State purposes:—

	R c
(a) For the first 480 units or part thereof, per unit per month ...	0 02
(b) For the next 480 units or part thereof, per unit per month ...	0 01½
(c) For the balance of consumption during the same month per unit ...	0 01
Minimum charge ...	1 00

Administrateurskennisgewing No. 291.]

[2 Mei 1962.]

**MUNISIPALITEIT ROODEPOORT-MARAISBURG.
—WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende regulasies wat deur hom en die Minister van Naturellesake goedgekeur is ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde Wet:—

**MUNISIPALITEIT ROODEPOORT-MARAISBURG.—WYSIGING
VAN LOKASIEREGULASIES.**

Die Lokasieregulasies van die Munisipaliteit Roodepoort-Maraishburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 837 van 27 November 1957, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur na Bylae 7 van Hoofstuk VII die volgende toe te voeg:—

„BYLAE 8.

**ELEKTRISITEIT EN WATER VERBRUIK IN
ROODEPOORT-LOKASIE EN DOBSONVILLE-
BANTOEDORP.**

TARIEF VAN GELDE.

Waterverbruik.

1. Die geregistreerde bewoner van 'n residensiële erf in Dobsonville met 'n watermetervoorziening, is aanspreeklik vir die betaling van alle water bo 2,000 gellings verbruik per maand op sodanige residensiële perseel, en moet 'n bedrag van 3c vir elke 100 gellings of gedeelte daarvan betaal ten opsigte van sodanige surpluswater aldus verbruik.

2. In geval van water verbruik op besigheids- en handelspersele met individuele metervoorziening, moet die permithouer van sodanige handelsperseel 'n bedrag van 3.5c per 100 gellings of gedeelte daarvan, per maand betaal.

3. Ten opsigte van water verbruik vir amptelike en Staatsdoeleindes, is die tarief 1.5c per 100 gellings per maand.

4. Die heffing betaalbaar vir die gebruik van munisipale water vir doeleindes van tuinmaak op erwe in Dobsonville wat nie voorsien is van 'n watermetertoevoer nie, is 'n bedrag van 50c per maand.

5. *Deposits.*—Alle verbruikers van water met 'n meter-toevoer moet 'n deposito betaal op die basis van twee maande se werklike of verwagte gemiddelde verbruik bo 2,000 gellings per maand, met 'n minimum van R1.

Elektrisiteitsverbruik.

1. Vir verbruikers wat woonhuise okkupeer, is die tarief as volg:—

	R c
(a) Vir die eerste 20 eenhede of gedeelte daarvan per eenheid per maand ...	0 05
(b) Vir die volgende 120 eenhede of gedeelte daarvan per eenheid per maand ...	0 01½
(c) Vir die volgende 120 eenhede of gedeelte daarvan per eenheid in dieselfde maand ...	0 01
(d) Vir die balans van verbruik gedurende dieselfde maand per eenheid ...	0 00½
Minimum gelde ...	1 00

2. Vir verbruikers uitgesonderd ten opsigte van woonhuise maar uitsluitende die gebruik van elektrisiteit vir amptelike en Staatsdoeleindes:—

	R c
(a) Vir die eerste 480 eenhede of gedeelte daarvan per eenheid per maand ...	0 02
(b) Vir die volgende 480 eenhede of gedeelte daarvan per eenheid per maand ...	0 01½
(c) Vir die balans van verbruik gedurende dieselfde maand per eenheid ...	0 01
Minimum gelde ...	1 00

3. For electricity consumed for official and State purposes, the charge shall be 1c per unit per month, with the exception of the Bantu Single Quarters at the South African Police Station at Dobsonville in respect of which the tariff applicable to consumers who occupy dwelling-houses shall apply.

4. *Deposits.*—All consumers shall pay a deposit on the basis of two months' actual or anticipated average consumption with a minimum of R2. Should the Location Superintendent at any time consider that the said deposit is insufficient to cover the charges for the supply for any period of two months, the consumer shall, upon receiving notice, to that effect, immediately deposit such further sum as may be required.

5. Reconnection Fees.

- There shall be no charge for reconnection at change of tenancy.
- The charge for reconnection after temporary vacation of premises shall be R1.50.
- The charge for reconnection after disconnection for non-payment of account or for non-compliance with any of the Electricity Supply By-laws of the Council shall be R1.50:

Provided that no reconnection shall be made unless and until such account has been paid or such by-laws have been complied with.

6. *Test Meter Fees.*—The charge for testing a meter at the consumer's request shall be R1.50 and shall be refundable if the meter is found to register more than 5 per cent fast or slow, and an allowance or addition shall be made to the account in terms of the Council's Electricity Supply By-laws.

7. *'No Light' Complaints.*—When the Electricity Department is called upon to attend to a failure of the supply to any consumer's premises and when such failure is found to be due to any cause other than a fault in the Council's mains or apparatus, a fee of 50c shall be paid by the consumer for each such attendance."

2. By the addition after Chapter VII of the following:—

"CHAPTER VIII.

ELECTRICITY AND WATER CONSUMPTION.

1. Notwithstanding the provisions of any by-law of the Council, the water consumption for domestic use in the Dobsonville Bantu township shall be free of charge up to a maximum of 2,000 gallons per month per site in respect of sites where water meters have been installed.

2. The occupants of metered sites may use hose pipes for the purpose of watering their gardens: Provided that the Council may require a deposit to be made as security for due payment of charges and subject to such restrictions as the Council may impose in the event of water shortages.

3. The charges for the use of water in excess of 2,000 gallons per site per month shall be as set out in Schedule 8.

4. The use of municipal water for gardening purposes by any registered occupier of a stand without a metered water supply is prohibited: Provided that such occupier may be permitted by the Superintendent to water his garden by means of a can or bucket, but not by means of a hose pipe, against payment of the charge set out in Schedule 8. Any person contravening the provisions of this section shall be guilty of an offence and upon conviction be liable to a fine not exceeding R2.

5. Notwithstanding the provisions of the Council's Electricity Supply By-laws the charges for electricity consumption shall be as set out in Schedule 8."

T.A.L.G. 5/61/30.

3. Vir die gebruik van elektrisiteit vir amptelike en Staatsdoeleindes, is die tarief 1c per eenheid per maand, met uitsondering van die Bantoe-enkel-kwartiere van die S.A. Polisiestasie te Dobsonville waarop die tarief vir verbruikers wat woonhuise okkupeer van toepassing is.

4. *Deposito's.*—Alle verbruikers moet 'n deposito betaal op die basis van twee maande se werklike of verwagte gemiddelde verbruik met 'n minimum geld van R2. Indien die Lokasie-superintendent te eniger tyd die mening toegedaan is dat die gemelde deposito onvoldoende is om die gelde vir die voorsiening vir enige periode van twee maande te dek, dan moet die verbruiker, onmiddellik sodra hy kennis te dien effekte ontvang, sodanige verdere bedrag deponeer as wat vereis word.

5. Heraansluitingsgelde.

- Daar is geen tarief betaalbaar vir heraansluiting in geval van verandering van huurders nie.
- Die tarief vir heraansluiting na tydelike ontruiming van die perseel is R1.50.
- Die tarief vir heraansluiting na afsluiting weens nie-betaling van 'n rekening of nie-nakoming van enige van die Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge van die Raad is R1.50:

Met dien verstande dat geen heraansluiting plaasvind tensy en tot tyd en wyl sodanige rekening betaal is of sodanige Verordeninge nagekom is nie.

6. *Toetsmetergelde.*—Die tarief vir die toets van 'n meter op die versoek van 'n verbruiker is R1.50 en is terugbetaalbaar indien dit vasgestel word dat die meter meer as 5 persent te vinnig of te stadig registreer, en 'n korting of toevoeging word tot die rekening aangebring kragtens die Raad se Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge.

7. *'Geen ligte'-klages.*—Wanneer die Elektrisiteitsafdeling versoek word om aandag te gee aan 'n staking van die toevoer na enige verbruiker se perseel, en dit bevind word dat sodanige staking te wyte is aan enige ander oorsaak as 'n gebrek in die Raad se hoofleiding of apparaat, dan is 'n tarief van 50c betaalbaar deur die verbruiker vir elke sodanige opwagting."

2. Deur na Hoofstuk VII die volgende toe te voeg:—

„HOOFSTUK VIII.

ELEKTRISITEITS- EN WATERVERBRUIK.

1. Nieteenstaande die bepalinge van enige verordening van die Raad, is die gebruik van water vir huishoudelike doeleindes in die Dobsonville-Bantoe-dorpsgebied gratis tot 'n maksimum van 2,000 gellings per maand per perseel, ten opsigte van persele wat voorsien is van watermeters.

2. Die bewoners van persele wat voorsien is van watermeters kan tuinslange gebruik om hul tuine nat te lei: Met dien verstande dat die Raad 'n deposito kan vereis om te dien as sekerheidstelling vir die behoorlike betaling van gelde en onderworpe aan sulke beperkings as wat die Raad ophê in gevalle van waterskaarste.

3. Die gelde betaalbaar vir die gebruik van water bo 2,000 gellings per erf per maand is soos bepaal in Bylae 8.

4. Die gebruik van munisipale water vir huindoelindes deur enige geregistreerde bewoner van 'n erf wat nie voorsien is van 'n watermeter nie is verbode: Met dien verstande dat sodanige bewoner toegelaat kan word deur die Superintendent om sy tuin nat te gooi deur die gebruik van 'n kan of emmer, maar nie deur middel van 'n tuinslang nie, teen betaling van die heffingsgeld soos bepaal in Bylae 8. Enige persoon wat die bepalinge van hierdie artikel oortree is skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete wat nie die bedrag van R2 oorskry nie.

5. Nieteenstaande die bepalinge van die Raad se Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge, is die gelde vir die verbruik van elektrisiteit soos bepaal in Bylae 8."

T.A.L.G. 5/61/30.

Administrator's Notice No. 264.]

[25 April 1962.]

BRONKHORSTSPRUIT MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

It is hereby notified in terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, that a petition has been presented to the Administrator by the Village Council of Bronkhorstspuit praying that he will, in the exercise of the powers conferred upon him by sub-section (7) of section *nine* of the said Ordinance, alter the boundaries of the Municipality of Bronkhorstspuit by the inclusion of the area described in the Schedule hereto.

It is competent for any person interested within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette* to present to the Administrator a counter petition setting forth the ground of objection to the said proposal.

T.A.L.G. 3/2/50.

SCHEDULE.**BRONKHORSTSPRUIT MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF AREA TO BE INCLUDED.**

Portion 5 (a portion of Portion C) of the farm Roodepoort No. 504, Registration Division J.R., District of Bronkhorstspuit, in extent 1 morgen, as represented by Diagram S.G. No. A.4970/39 annexed to Deed of Transfer No. 21351/39.

MISCELLANEOUS.**NOTICE No. 55 OF 1962.****JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/83.**

It is hereby notified in terms of sub-section (1) of section *thirty-nine* of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the City Council of Johannesburg has applied for Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, to be amended. This amendment will be known as Johannesburg Town-planning Scheme No. 1/83.

Further particulars of the scheme are lying for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg, and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board in writing at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 1st June, 1962.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 18th April, 1962.

NOTICE No. 56 OF 1962.**WESTONARIA TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/6.**

It is hereby notified, in terms of sub-section (1) of section *thirty-nine* of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the Town Council of Westonaria has applied for Westonaria Town-planning Scheme No. 1, 1949, to be amended as follows:—

1. To revise and bring up to date the Basic Scheme Map and Scheme Clauses.
2. To adjust the boundaries of the Scheme Area where additional areas are brought in.

Administrateurskennisgewing No. 264.]

[25 April 1962.]

MUNISIPALITEIT BRONKHORSTSPRUIT.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Hierby word bekendgemaak, ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat 'n versoekskrif deur die Dorpsraad van Bronkhorstspuit by die Administrateur ingedien is, waarin hy versoek word om, ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (7) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie aan hom verleen word, die grense van die Munisipaliteit Bronkhorstspuit te verander deur die gebied in die bygaande Bylae omskryf, in te lyf.

Enige belanghebbende persoon het die reg om binne 30 dae na die eerste afkondiging hiervan in die *Provinsiale Koerant* 'n teenversoekskrif aan die Administrateur voor te lê waarin die grond van besware teen genoemde voorstel uiteengesit word.

T.A.L.G. 3/2/50.

BYLAE.**MUNISIPALITEIT BRONKHORSTSPRUIT.—OMSKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF STAAN TE WORD.**

Gedeelte 5 ('n gedeelte van Gedeelte C) van die plaas Roodepoort No. 504, Registrasie-afdeling J.R., distrik Bronkhorstspuit, groot 1 morg, soos voorgestel deur Kaart L.G. No. A.4970/39 geheg aan Akte van Transport No. 21351/39.

25-2-9

DIVERSE.**KENNISGEWING No. 55 VAN 1962.****JOHANNESBURG-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/83.**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel *nege-en-dertig* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Stadsraad van Johannesburg aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1946, te wysig.

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Johannesburg-dorpsaanlegskema No. 1/83 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Johannesburg en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimhuis, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, d.w.s. op of voor 1 Junie 1962, die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 18 April 1962.

18-25-2

KENNISGEWING No. 56 VAN 1962.**WESTONARIA-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/6.**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel *nege-en-dertig* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Stadsraad van Westonaria aansoek gedoen het om Westonaria-dorpsaanlegskema No. 1, 1949, soos volg te wysig:—

1. Die hersiening en op-datum-bring van die Basiese Skemakaart en die Skemaklousules.
2. Die wysiging van die grense van die Skemagebied waar addisionele gebiede ingeskaal word.

3. To zone further areas for reservation for township purposes.
4. To revise and improve upon the existing Scheme Clauses dealing with such matters as: The Area of the Scheme, Open Spaces, Building Lines Definitions, Uses of Land and Buildings, Density, Height and Coverage, General Amenity and Loading and Off-loading Facilities.
5. To remove certain restrictions governing Erven Nos. 823/4, 916, 971 and 1223, Westonaria Township.

This amendment will be known as Westonaria Town-planning Scheme No. 1/6.

Further particulars of the scheme are lying for inspection at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 1st June, 1962.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 18th April, 1962.

NOTICE No. 57 OF 1962.

PROPOSED AMENDMENT OF THE CONDITIONS OF TITLE OF ERF No. 1, CRESTONHILL TOWNSHIP.

It is hereby notified that application has been made by Philip Demetriou in terms of section one of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946, for the amendment of the conditions of title of Erf No. 1, Crestonhill Township, to permit the erf being used for flats.

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria, for a period of two months from the date hereof.

Any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter shall communicate, in writing, with the Secretary of the Townships Board at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, within a period of two months from the date hereof.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 18th April, 1962.

NOTICE No. 58 OF 1962.

NORTHERN JOHANNESBURG REGION TOWN-PLANNING SCHEME.—AMENDING SCHEME No. 9.

It is hereby notified, in terms of sub-section (1) of section thirty-nine of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the Peri-Urban Areas Health Board has applied for Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, to be amended as follows:—

- (a) The density zoning of Erf No. 22, Atholl Extension No. 1, to be amended from "1 dwelling per morgen" to "1 dwelling per 40,000 sq. ft."

3. Om addisionele gebiede te soneer vir dorpsgebiede doeleindes.
4. Om die bestaande Skemaklousules in hersiening te neem en te verbeter met betrekking tot die volgende aangeleenthede: Die Gebied van die Skema, Oop Spasies, Boulyn Definisies, Gebruike van Grond en Geboue, Digtheid, Hoogte en Bou-oppervlakte, Algemene Geriewe en Laai- en Aflaaifasiliteite.
5. Om sekere beperkings op te hef wat van toepassing is op Standplase Nos. 823/4, 916, 971, 1223, Westonaria-dorpsgebied.

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Westonaria-dorpsaanlegskema No. 1/6 genoem sal word), lê in die kantoor van die stadsclerk van Westonaria en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, d.w.s. op of voor 1 Junie 1962 die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.
18-25-2

Pretoria, 18 April 1962.

KENNISGEWING No. 57 VAN 1962.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TITEL-VOORWAARDES VAN ERF No. 1, DORP CRESTONHILL.

Hierby word bekendgemaak dat Philip Demetriou ingevolge die bepalings van artikel een van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946, aansoek gedoen het om die wysiging van die titelvoorwaardes van Erf No. 1, dorp Crestonhill, ten einde dit moontlik te maak dat die erf vir woonstelle gebruik kan word.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van twee maande na datum hiervan.

Iedereen wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoe in verband daarmee wil indien, moet binne twee maande na die datum hiervan skriftelik met die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, in verbinding tree.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.
18-25-2

Pretoria, 18 April 1962.

KENNISGEWING No. 58 VAN 1962.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-DORPS-AANLEGSKEMA.—WYSIGENDE SKEMA No. 9.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van artikel nege-en-dertig van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede aansoek gedoen het om Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, soos volg te wysig:—

- (a) Die digtheidsindeling van Erf No. 22, dorp Atholl Uitbreiding No. 1, word verander van „1 woonhuis per morg" na „1 woonhuis per 40,000 vk. vt."

- (b) The density zoning of Portion 2 of Erf No. 14, Edenburg (Rivonia) Township, to be amended from "1 dwelling per existing erf" to "1 dwelling per 40,000 sq. ft.".
- (c) The density zoning of Portion 6 of Lot No. 7, Sandown, to be amended from "1 dwelling per 60,000 sq. ft." to "1 dwelling per 40,000 sq. ft.".
- (d) The zoning of all erven in Kew Township, fronting onto Tenth Road, between Second and Third Avenues, to be amended from "Special Residential" to "Restricted Industrial".
- (e) The words "Domestic Industrial Building" to be inserted in the following columns and use zones in Table D of the relevant scheme clauses:—

Use Zone V, Column 5;
 Use Zone VI, Item (ix), Column 5;
 Use Zone VI, Item (x), Column 3;
 Use Zone VI, Item (xviii), Column 5;
 Use Zone VII, Column 3;
 Use Zone VIII, Column 3.

- (f) A definition of "Domestic Industrial Building" be inserted in clause 13 of the relevant scheme clauses, viz.—

"'Domestic industrial building' means a building as defined under 'Industrial Building' in which or on the site of which not more than seven (7) persons work whether as directors, partners or employees."

This amendment will be known as Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme: Amending Scheme No. 9.

Further particulars of the scheme are lying for inspection at the offices of the Secretary/Treasurer of the Peri-Urban Areas Health Board in Johannesburg and Pretoria and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 8th June, 1962.

H. MATTHEE,
 Secretary, Townships Board.

Pretoria, 25th April, 1962.

NOTICE No. 59 OF 1962.

KEMPTON PARK TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/3.

It is hereby notified, in terms of sub-section (1) of section thirty-nine of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the Town Council of Kempton Park has applied for Kempton Park Town-Planning Scheme No. 1, 1952, to be amended as follows:—

Clause 15 (a) by the addition of the following proviso thereto:—

- "(vii) Notwithstanding the provisions of the previous proviso, Portion 74 of Portion 1 of Portion C of the farm Rietfontein No. 32—I.R., District of Kempton Park, may be used for the purpose of a bus service including all necessary buildings in connection therewith."

This amendment will be known as Kempton Park Town-planning Scheme No. 1/3. Further particulars of the scheme are lying for inspection at the office of the Town Clerk, Kempton Park, and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria.

- (b) Die digtheidsindeling van Gedeelte 2 van Erf No. 14, dorp Edenburg (Rivonia), word verander van „1 woonhuis per bestaande erf" na „1 woonhuis per 40,000 vk. vt.".
- (c) Die digtheidsindeling van Gedeelte 6 van Erf No. 7, dorp Sandown, word verander van „1 woonhuis per 60,000 vk. vt." na „1 woonhuis per 40,000 vk. vt.".
- (d) Die indeling van al die erwe in die dorp Kew wat aan Tiende Weg front, tussen Tweede en Derde Laan, word verander van „Spesiale Woon" na „Bepaalde Nywerheid".
- (e) Die woord „Huisnywerheidsgeboue" word ingevoeg in die volgende kolomme en gebruiksindelings in Tabel D van die skemaklousules:—

Gebruiksindeling V, Kolom 5;
 Gebruiksindeling VI, Item (ix), Kolom 5;
 Gebruiksindeling VI, Item (x), Kolom 3;
 Gebruiksindeling VI, Item (xviii), Kolom 5;
 Gebruiksindeling VII, Kolom 3;
 Gebruiksindeling VIII, Kolom 3.

- (f) Die volgende definisie vir „Huisnywerheidsgeboue" word in klousule 13 van die skemaklousules ingevoeg:—

„Huisnywerheidsgebou" beteken 'n gebou soos omskryf onder „Nywerheidsgebou" waarin, of op die terrein waarvan, nie meer as sewe (7) persone werksaam is nie, hetsy as direkteure, vennote of werknemers."

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Noorde-lyke Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema: Wysigende Skema No. 9 genoem sal word) lê in die kantoor van die Sekretaris/Tesourier van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede in Johannesburg en Pretoria en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendomme wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, d.w.s. op of voor 1 Junie 1962 die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
 Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 25 April 1962.

25-2-9

KENNISGEWING No. 59 VAN 1962.

KEMPTON PARK-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/3.

Hierby word, ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van artikel nege-en-dertig van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Stadsraad van Kempton Park aansoek gedoen het om Kempton Park-dorpsaanlegskema No. 1, 1952, soos volg te wysig:—

Klousule 15 (a), deur die toevoeging van die volgende voorbehoudsbepaling:—

- „(vii) Ongeag die bepalings van die voorgaande voorbehoudsbepaling, kan Gedeelte 74 van Gedeelte 1 van Gedeelte C van die plaas Rietfontein No. 32—I.R., distrik Kempton Park, vir die doel van 'n busvervoerdienst ingeslote die oprigting van alle nodige geboue daarmee gepaardgaande, gebruik word."

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Kempton Park-dorpsaanlegskema No. 1/3 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Kempton Park, en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 8th June, 1962.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 25th April, 1962.

NOTICE No. 60 OF 1962.

PROPOSED AMENDMENT OF THE CONDITIONS
OF TITLE OF ERF No. 1527, LOUIS TRICHARDT
EXTENSION No. 1 TOWNSHIP.

It is hereby notified that application has been made by the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in terms of section one of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946, for the amendment of the conditions of title of Erf No. 1527, Louis Trichardt Extension No. 1 Township to permit the erf being used for ecclesiastical purposes and purposes incidental thereto.

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria, for a period of two months from the date hereof.

Any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter shall communicate, in writing, with the Secretary of the Townships Board at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, within a period of two months from the date hereof.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 25th April, 1962.

NOTICE No. 61 OF 1962.

PRETORIA REGION TOWN-PLANNING SCHEME.—
AMENDING SCHEME No. 3.

It is hereby notified, in terms of sub-section (1) of section thirty-nine of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the Peri-Urban Areas Health Board has applied for Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, to be amended as follows:—

- (a) Erf No. 716, Valhalla, at present zoned "Special Residential" to be rezoned "Special"—for parking purposes and the creation of a general garden effect only.
- (b) (i) Erven Nos. 1022 to 1029 to be rezoned from "General Residential" to "Special Residential";
- (ii) Erven Nos. 161, 224 and 225 to be rezoned from "Special Residential" to "General Business";
- (iii) a proviso to be included in Table E of the relevant scheme clauses to the effect that before certain buildings are erected on the erven mentioned under (ii) above, Servitudes of Right of Way, 20 Cape feet wide, for general street purposes, be registered in favour of the local authority against the erven mentioned under (ii) above, along their street boundaries.
- (c) The density zoning of Erf No. 1040, Queenswood Extension No. 1, to be amended from "one dwelling per existing erf" to "one dwelling per 20,000 square feet".

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, d.w.s. op of voor 8 Junie 1962, die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 25 April 1962.

25-2-9

KENNISGEWING No. 60 VAN 1962.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TITEL-
VOORWAARDES VAN ERF No. 1527, DORP
LOUIS TRICHARDT UITBREIDING No. 1.

Hierby word bekendgemaak dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingevolge die bepalings van artikel een van die Wet op Opheffing van beperkings in Dorpe, 1946, aansoek gedoen het om die wysiging van die titelvoorwaardes van Erf No. 1527, Dorp Louis Trichardt Uitbreiding No. 1, ten einde dit moontlik te maak dat die erf vir kerklike en daarmee in verband staande doeleindes gebruik kan word.

Die aansoek en die betrokke dokument lê ter insae in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimhuis, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van twee maande na datum hiervan.

Iedereen wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, moet binne twee maande na die datum hiervan skriftelik met die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, in verbinding tree.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 25 April 1962.

25-2-9

KENNISGEWING No. 61 VAN 1962.

PRETORIA-STREEK-DORPSAANLEGSKEMA.—
WYSIGENDE SKEMA No. 3.

Hierby word, ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van artikel nege-en-dertig van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede aansoek gedoen het om Pretoria-Streek-dorpsaanlegskema, 1960, soos volg te wysig:—

- (a) Die bestemming van Erf No. 716, Valhalla, verander te word van „Spesiale Woondoeleindes” na „Spesiaal” vir parkeerdoeleindes en die skepping van 'n algemene tuineffek.
- (b) (i) Die bestemming van Erwe Nos. 1022 tot 1029 verander te word van „Algemene Woondoeleindes” na „Spesiale Woondoeleindes”.
- (ii) Die bestemming van Erwe Nos. 161, 224 en 225 verander te word van „Spesiale Woon-doeleindes” na „Algemene Besigheidsdoel-eindes”.
- (iii) 'n Bepaling ingesluit te word in Tabel E van die betrokke skemaklousules tot dien effekte dat alvorens sekere geboue op die erwe genoem onder (ii) hierbo, opgerig word, Servitude van Reg van Weg, 20 Kaapse voet wyd, vir algemene straatdoeleindes, geregistreer word ten gunste van die plaaslike owerheid oor die erwe genoem onder (ii) hierbo, langs die straatgrense.
- (c) Die digtheidsbestemming van Erf No. 1040, Queenswood Uitbreiding No. 1, verander te word van „een woonhuis per bestaande erf” na „een woonhuis per 20,000 vierkante voet”.

This amendment will be known as Pretoria Region Town-planning Scheme: Amending Scheme No. 3. Further particulars of the scheme are lying for inspection at the office of the Secretary/Treasurer of the Peri-Urban Areas Health Board in Pretoria and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. 118, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 15th June, 1962.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 2nd May, 1962.

TENDERS.

All tenders published for the first time, are indicated by a * in the left-hand upper corner.

TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION.

TENDER NOTICE.

The Transvaal Provincial Administration invites tenders for the following:—

Tenders on the prescribed form in sealed envelopes superscribed with the tender number, must be addressed to the Chairman of the Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be in his hands by 11 o'clock a.m. on the closing date.

Tender documents can be obtained upon application to this address.

Separate application should be made in respect of each tender.

Tender No.	Article.	Closing Date.
T.O.D. 284/62	Machines, stapling and staples....	18th May, 1962.
T.O.D. 285/62	Drawing pins.....	18th May, 1962.
T.O.D. 286/62	Typewriter ribbons.....	18th May, 1962.
T.O.D. 287/62	Artists' brushes.....	18th May, 1962.
T.O.D. 288/62	Charcoal sticks, pastels and water colours	18th May, 1962.
T.O.D. 289/62	Linoleum, " Battleship ".....	18th May, 1962.
T.O.D. 290/62	Paper-tinted printings.....	18th May, 1962.
T.O.D. 291/62	Powder colours.....	18th May, 1962.
T.O.D. 292/62	Weaving needles and raffia.....	18th May, 1962.
T.O.D. 293/62	Paper cutting scissors.....	18th May, 1962.
T.O.D. 294/62	Ballpoint pens.....	18th May, 1962.
T.O.D. 295/62	Lino cutting tools and handles....	18th May, 1962.
R.F.T. 296/62	Collapsible latrine.....	12th May, 1962.
H.B. 297/62	Mobile dental unit.....	18th May, 1962.
W.F.T. 318/62	30 Gallon steam cooking pots....	11th May, 1962.
W.F.T. 319/62	Steam heated urns and urn sets...	11th May, 1962.
W.F.T. 320/62	Welding and cutting sets (Oxy-acetylene, light type)	11th May, 1962.
W.F.T. 321/62	" Searle " type Morris chairs....	11th May, 1962.
W.F.T. 322/62	Asphaltic flooring tiles (supply and fix)	11th May, 1962.
H.C. 325/62	Drill, pink and white striped 38"/40" wide	18th May, 1962.
H.C. 326/62	Flannelette, plain white or cream 35"/37" wide	18th May, 1962.
H.C. 327/62	Rep, casement, bright blue 48"/50" wide	18th May, 1962.

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Pretoria-Streek-dorpsaanlegsskema: Wysigende Skema No. 3, genoem sal word), lê in die kantoor van die Sekretaris/Tesourier van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede in Pretoria, en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 118, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, d.w.s. op of voor 15 Junie 1962, die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 2 Mei 1962.

2-9-16

TENDERS.

Alle Tenders wat vir die eerste maal gepubliseer word is in die linkerbohoek met 'n * gemerk.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

KENNISGEWING VAN TENDERS

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie vra tenders vir die volgende:—

Tenders, op die voorgeskrewe vorm in verseëelde koeverte waarop die tendernommer vermeld is, moet gerig word aan die Voorsitter van die Transvaalse Provinsiale Tenderaad, Posbus 1040, Pretoria, en moet in sy besit wees om 11-uur v.m. op die sluitingsdatum.

Tenderdokumente is op aanvraag verkrygbaar by hierdie adres.

Afsonderlike aanvraag moet gedoen word ten opsigte van elke tender.

Tender No.	Artikel.	Sluitingsdatum.
T.O.D. 284/62	Krammasjientjies en kramme.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 285/62	Duimspykers.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 286/62	Tikmasjienlinte.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 287/62	Kwaste, kuns.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 288/62	Houtskoolstafies, pastelle en water-verf	18 Mei 1962.
T.O.D. 289/62	Linoleum, „ Battleship ".....	18 Mei 1962.
T.O.D. 290/62	Papier, gekleurd.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 291/62	Poeiervarf.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 292/62	Weefnaalde en raffia.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 293/62	Papierskêre.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 294/62	Ballpuntepenne.....	18 Mei 1962.
T.O.D. 295/62	Linosnygereedskap en handvatsels	18 Mei 1962.
R.F.T. 296/62	Opvoubare latrines.....	18 Mei 1962.
H.B. 297/62	Mobile tandheelkundige eenheid.	18 Mei 1962.
W.F.T. 318/62	Kookpote, stoom, 30 geeling....	11 Mei 1962.
W.F.T. 319/62	Urn en urnstelle (stroomverwarm)	11 Mei 1962.
W.F.T. 320/62	Sweis en snystelle (oksiasetileen, ligte tipe)	11 Mei 1962.
W.F.T. 321/62	" Searle " tipe Morrisstoele....	11 Mei 1962.
W.F.T. 322/62	Asfaltvloerteëls (verskaf en vasleg)	11 Mei 1962.
H.C. 325/62	Dril, ligroos en wit gestreep, 38"/40" breed	18 Mei 1962.
H.C. 326/62	Flanelet, wit of ligte roomkleur 35"/37" breed	18 Mei 1962.
H.C. 327/62	Geribde, gordynstof, helder blou 48"/50" breed	18 Mei 1962.

Tender No.	Article.	Closing Date.
H.C. 328/62	Textiles for use on laundry machines	18th May, 1962.
H.A. 329/62	X-Ray chemicals.....	18th May, 1962.
H.C. 343/62	Innerspring mattresses.....	18th May, 1962.
H.C. 344/62	Crutches and crutch shoes.....	18th May, 1962.
H.C. 346/62	Klerksdorp hospital-revoval of kitchen refuse	18th May, 1962.
H.C. 347/62	South Rand hospital, laundering service	18th May, 1962.
H.C. 348/62	Klerksdorp hospital, laundering service	18th May, 1962.
H.C. 349/62	Tubular steel easy chairs.....	18th May, 1962.
H.B. 333/62	X-Ray envelopes.....	18th May, 1962.
H.B. 334/62	Stainless steel hollowware.....	18th May, 1962.
H.B. 335/62	Pre-conditions tumblers.....	18th May, 1962.
H.B. 336/62	Drying tumblers.....	18th May, 1962.
H.B. 337/62	Centre lathe, metal turning.....	18th May, 1962.
H.B. 338/62	Intercommunication system.....	18th May, 1962.
H.B. 339/62	Kitchen hollowware.....	18th May, 1962.
H.B. 340/62	Cutlery.....	18th May, 1962.
H.B. 341/62	Automatic towel folder.....	18th May, 1962.
W.F.T. 342/62	Planing and thickening machines (Electrically driven)	25th May, 1962.
R.F.T. 366/62	Self supporting steel shuttering...	8th June, 1962.
H.A. 373/62	Physiotherapy equipment.....	8th June, 1962.
H.A. 374/62	Electric laboratory furnace for Thoracic Surgery Department, Johannesburg Hospital	8th June, 1962.
H.A. 375/62	Operating tables, Johannesburg Hospital	8th June, 1962.
H.B. 376/62	6 ton laundry trucks.....	8th June, 1962.
H.B. 377/62	Passenger motor vehicle for 25-30 passengers	8th June, 1962.
H.B. 378/62	3 ton enclosed truck.....	8th June, 1962.
H.B. 379/62	Ambulance—Light type vehicle..	8th June, 1962.
T.E.D. 380/62	Cutlery.....	8th June, 1962.
T.E.D. 381/62	Stainless steel, hollow-ware.....	8th June, 1962.
T.E.D. 382/62	Kitchenware.....	8th June, 1962.

The Provincial Administration reserves the right of accepting any portion of a tender without the whole and does not bind itself to accept any tender.

L. DU RAND,

Chairman, Transvaal Provincial Tender Board.
Administrator's Office,
Pretoria.

* APPLICATIONS TO ENTER INTO CONTRACT FOR CONVEYANCE OF SCHOOL CHILDREN.

Applications are hereby invited for the transport services set out in the subjoined Schedule.

Applications must be submitted, in duplicate, on the prescribed forms T.E.D. 111 (e), placed in sealed envelopes marked "Application: Conveyance of School Children" and also bear the description of the service as stated in column one below and be addressed to the Secretary of the School Board concerned, and must be in his hands not later than eleven o'clock on the 9th day of May, 1962.

The necessary application forms T.E.D. 111 (e) and contract forms T.E.D. 108 E are obtainable from the Secretary of the School Board concerned.

